
BOEKBESPREKING.

✓ **Dr. C. J. H. de Wet:** Ons Christelike Republiek, uitgegee deur die Sentrale Propaganda-komitee vir Christelik-Republikeinse Politiek in Suid-Afrika en verkrybaar by Mnr. H. L. du Toit, Christoffelstraat 347a, Pretoria, gedruk deur die Goede Hoop Drukkery, Maart 1940, Pretoria.

Dis 'n brosjure van 14 bladsye deur die bekende voorvegter van 'n Christelik-Republikeinse Politiek in Suid-Afrika. Dit word gekenmerk deur helderheid van prinsipiële insig, krag van oortuiging, onduidelikheid van detail-uitwerking en onverskilligheid ten opsigte van die stilering. Die eerste twee eienskappe gee propaganda-waarde en ook opvoedende waarde aan die brosjure wat ons kan waardeer; die laaste twee eienskappe egter bevorder newelagtigheid en onnoukeurigheid wat slegs skadelik kan wees ook vir die politieke vorming van ons volk. Wat erger is, dit hang saam met die onduidelikheid van Dr. de Wet se hele politieke strewes wat 'n politieke doel wil bereik sonder 'n politieke party en gevolglik die party-trou ondermyn sonder om iets tasbaars daarvoor in die plek te stel. Dr. de Wet gryp na 'n einddoel wat hy in beginsel helder sien en wat hy vurig bely, maar hy weier om die moeilike reis daarheen duidelik af te

baken en noukeurig voor te berei. Sy bepleitings van die einddoel verwelkom ons van harte, maar sy versuim om die middels tot bereiking daarvan te presiseer en saam met ons gaandeweg van stap tot stap aan te wend, maak sy strewes as geheel onvrugbaar en selfs skadelik—omdat dit inspireer tot . . . niksdoen!

L. J. DU PLESSIS.

* * *

P. A. H. de Boer—Research into the Text of 1 Samuel I—XVI Amsterdam, H. J. Paris, 1938, 92 pagg.

Bostaande werk is die doktersproefskrif van Prof. de Boer van Leiden, opvolger van Prof. Dr. Eerdmans wat onlangs afgetree het met emeritans. Direk na die voltooiing van hierdie studie is die skrywer benoem aan sy Alma Mater tot opvolger van sy promotor.

In die inleiding van hierdie besonder belangrike studie deel Prof. de Boer mee dat hy maar 'n eerste stap doen op 'n eindelose pad van die eksegetiese studie. Die bedoeling was oorspronklik om oor die samestelling van die boeke van Samuel te skrywe, maar sy hooggel. het tot die oortuiging gekom dat eers die tekskritiese arbeid verrig moet word. Dit is juis by die boeke van Samuel so uiters moeilik; aangesien die oorgelewerde Masore-

tiese (Hebreeuse) teks die navorsers voor baie vraagstukke stel.

Prof. de Boer het by sy studie heeltemal selfstandig te werk gegaan. Voorop stel hy dat die tekskritiese studie eers gedoen kan word as die geskiedenis van die teks die waarde daarvan bewys het. Daarom wil hy eers die ou vertalinge ondersoek voordat hy die intrinsieke waarde van die Hebreeuse teks kan bepaal. By die ondersoek van die vertalinge moet weer gedurig rekening gehou word met die bedoeling van die vertalers en van die besondere konstruksie van die Semitiese gees. In baie gevalle sal dit blyk dat geen vertaling, maar 'n nuwe vertelling gegee word. Agtereenvolgens word dan ondersoek: Die Targums (Aramese parafrase van die O.T.), die Siriese vertaling, die Septuaginta (Griekse vertaling) en die Hebreeuse teks self. Die Vulgata (Latynse vertaling) word nie behandel nie, omdat dit nie 'n produk van die Semitiese gees is nie.

Die outeur kom dan tot belangrike resultate wat natuurlik alleen geld vir die gedeelte wat reeds ondersoek is. Die vernaamste is wel dat die Masoretiese teks as uitgangspunt moet dien vir die eksegeese. Die tradisie is gebonde aan 'n sekere vorm en is dus waarborg vir 'n groot mate van korrektheid, alhoewel absolute sekerheid uitgeslote is. Die ou vertalinge is van baie weinig waarde vir die bepaling van 'n lesing. In baie gevalle sal die verklaarder moet sê: *non possum—dies diem doct.* Totsover Prof. de Boer. Tot slot word dan enkele annotasies by die Masoretiese teks gemaak, waaruit blyk dat baie sogenaamde onvertaalbare plekke tog wel vertaal kan word.

Die resultate is vir die Gereformeerde veral belangrik, omdat hy steeds die tradisie handhaaf totdat dit onteenseglik geblyk het dat dit

nie betroubaar is nie. Ook is van Gereformeerde kant nog steeds voorkeur gegee aan die Masoretiese teks bo die ou vertalinge, veral die Septuaginta, terwyl in krities-ingestelde kringe nogal hoë waarde aan hierdie vertaling toegeken word.

Ons hoop dat ook van Gereformeerde kant dergelyke selfstandige studies ter hand geneem sal word. Dit sal van meer blywende waarde wees as soveel werke wat per slot van rekening tog maar kompilasie is. As 'n Gereformeerde soortgelyke arbeid onderneem, sal dit daar tog enigsins anders uitsien.

Die skrywer het hom van die Engelse taal bedien, waarskynlik om 'n groter debiet te verkry. Dit val die leser egter gedurig op dat dit nie iemand van Engelse afkoms is wat die taal hier hanteer nie. Daar is heelwat ruimte vir verbetering in hierdie opsig. Die boek vertoon ook tekens van haastige afwerking, maar daarvoor was genoegsame rede, soos die skrywer aan ondergetekende persoonlik meegedeel het. Ons het ook van Prof. de Boer verneem dat hy van plan is om in dieselfde rigting voort te werk. Sy toekomstige publikasies word met belangstelling tegemoet gesien.

S. DU TOIT,

Potchefstroom.

* * *

Die Bosveldhuisie, 'n Fantasia, deur Regina Naser. J. L. van Schaik, Beperk, Pretoria, 1939, p.p. 251, prys 6/-.

'n Roman van die reeds bekende skryfster. Dis 'n „fantasia”—en vir die lesers wat smaak het vir die fantastiese, die onwerklik-romantiese en die sentimentele sal dit nogal aangename ontspanningslektuur wees. Hier en daar is daar iets treffends in tekening en beskrywing, maar oor die algemeen is die situasies so onnatuurlik

en die dialoog dikwels so geforseerd-sentimenteel dat mens moeilik end-uit kan lees.

Woorde in hoofletters gedruk dien as hulpmiddel vir lesers om die lees-kuns te beoefen!

F. J. LABUSCHAKNE.

* * *

✓ Afrikaanse Literatuur, Prof. Dr. G. Besselaar. Uitgevers Maatschappij, W. de Haan, N.V., Utrecht 1938.

Dis 'n oordruk van Hoofstuk IX: Afrikaanse Literatuur uit Dichters-**schap en Werkelijkheid**, 'n versamel-werk oor die Literatuurgeschiedenis van Noord- en Zuid-Nederland en Zuid-Afrika. Dr. Besselaar, 'n bekende figuur onder ons, is om sy lewensrig-ting, sy akademies-literêre werk en om sy leraarskap (jarelang in S.A. en nou in Nederland), allesins die aan-gewese man om oor die Afrikaanse Letterkunde te skryf in 'n versamel-werk oor die letterkunde van die Nederlandse stam.

Hierdie bydrae is eintlik 'n gloedvol-geskrewe pleidooi vir erkenning en betere kennisname en ondersteuning deur die Nederlandse leserspubliek van die „Jongste Dietse literatuur” wat in sy Dietse stamverbandskap („stamrecht en dus stemrecht” het.

Agtereenvolgens word bespreek: Bestaan en recht op Erkenning; De

Taalvorm; De Afrikaanse Letterkun-de vóór 1875; Eerste Taalbeweging; Tweede Afrikaanse Beweging; De Jongeren van Heden. In die bestek van veertien bladsye moes die behan-deling uiteraard kursories wees--dit kan skaars geld vir 'n breë oorsig van ons letterkunde. Maar op besonder saaklike, saamvattende en pittige wyse is 'n heldere en suiwere beeld gegee van die geheel, met 'n vergely-kende karakteristiek van 'n aantal skrywers uit die ou garde en uit die jongere generasie en met enkele illus-trasies en portrette van die vernaam-ste skrywers.

Dis 'n baie lesenswaardige hoofstuk, en juis om sy beknoptheid en oorsigte-likheid so raak en treffend gesien.

F. J. LABUSCHAGNE.

* * *